bible society of south africa
bybelgenootskap van suid-afrika

# UITVOERENDE HOOF

## Hoofkantoor: Bellville

**Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) vertaal en versprei Bybels in Suid-Afrika sedert 1820 en is 'n lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, 'n netwerk van 148 Bybelgenootskappe wat in meer as 200 lande werksaam is.**

Die BSA nooi passievolle en toepaslik gekwalifiseerde kandidate uit om aansoek te doen vir hierdie strategiese posisie om verantwoordelikheid vir die organisasie se hoof uitvoerende funksie te neem. Die posbekleër sal leierskap, strategiese leiding / rigting, bestuurspraktyk en algehele koördinering van alle operasionele aktiwiteite verseker. Die Uitvoerende Hoof sal op die Raad van Direkteure en alle relevante Streekkomitees dien.

**Pligte sluit onder andere in:**

- Strategiese en visioenêre leierskap en bestuur van die BSA
- Implementering en uitvoering van beleid en strategie
- Bereiking van nasionale en internasionale doelwitte ten opsigte van fondsinsameling, Bybelvertaling, -produksie en -verspreiding in alle tale en formate
- Korporatiewe en Risikobestuur
- Finansiële Bestuur
- Menslike Kapitaalbestuur
- Eksterne Skakeling
- Openbare betrekkinge
- Operasionele Bestuur
- Algemene Administrasie

**Vereistes:**

- Uitgebreide bestuurs- en leierskapervaring op senior vlak
- Ondervinding binne die breër ekumeniese omgewing en status as geordende predikant sal as aanbeveling dien
- Moet 'n lid van 'n BSA Lidkerk wees
- Teologiese en Missiologiese begrip van Bybelmissie
- Professionele kennis en deeglike begrip van korporatiewe / sakeondernemings (toepaslike bestuurskwalifikasie sal voordelig wees)
- Deeglike begrip van toepaslike wetgewing en korporatiewe bestuursbeginsels
- Goeie kennis van finansiële administrasie, bemarking en besigheidsomgewing
- Kennis/ervaring van Bybelgenootskapwerk (nasionaal en internasionaal)
- Bewese skakel- en onderhandelingsvaardighede
- Uitsonderlike mondelinge en geskrewe kommunikasievaardighede
- Ervare in openbare optredes
- Hoogste vlak van etiek, integriteit en professionaliteit

**Om aansoek te doen, registreer asseblief jou CV by:**
https://www.dittojobs.com/jobs/view/2884536969